Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Standpunt

Motoriste het vrees vir vervolging verloor

Te midde van 'n algehele gevoel van wetteloosheid en wanorde en die groeiende indruk (en bewyse) wat ons aldag kry dat motoriste glad nie meer oor moontlike vervolging deur verkeersowerhede bekommerd is nie, kom die jongste skokkende nuus: Drie fietsryers is net buite Oudtshoorn deur 'n motoris doodgery; Vier skoliere is in hul uniforms langs die pad in Soweto doodgery. Hierdie is maar enkele voorvalle wat daagliks in ons land plaasvind wat aan die groot klok gehang is. Hoeveel gevalle daar werklik plaasvind en hoeveel mense elke dag, elke naweek hul lewens verloor, sal 'n mens seker nooit weet nie.

Hierdie is maar net weer 'n bewys van die feitlik algehele ineenstorting van dissipline en wetstoepassing in ons land en die tragiese gevolge daarvan in ons samelewing. Dit is so ironies... Daar sal seker maar altyd mense wees wat dit tragies vind dat dissipline en wetstoepassing oorboord gegooi is terwyl daar aan die ander kant weer 'n groep mense is wat hulle verheug omdat wetstoepassing en dissipline toegelaat is om te verval en omdat hulle daarby baat kan vind. Mense wat hul "werk" in die duisternis doen - letterlik en figuurlik...

Hierdie skokkende statistiek is vir almal wat dit nog nie besef of wil besef nie, 'n nare ontnugtering en wys inderdaad vir ons watter soort regering en mense vandag in beheer van ons land is. Kan jy jou voorstel dat 'n regverdige, gedissiplineerde, eerlike en hardwerkende man wat werklik vir sy land en sy mense omgee, dit sou toelaat dat sy land, sy skole, sy staatsdiens, sy openbare instellings en noem maar op, in chaos verval soos ons vandag rondom ons sien.

Aan die ander kant weer - sou 'n rebel, 'n ongedissiplineerde, 'n oneerlike skelm wat sy geld op 'n onderduimse wyse verdien en eintlik maar net omgee vir homself en diegene wat hom help om aan bewind te bly, sou so 'n man toegelaat het dat hy, die land en sy mense deur 'n vlekkelose regstelsel, die onstuitbare handhawing van dissipline en onwrikbare wetstoepassing aan bande gelê word? Ken ons nie reeds die antwoord nie?

Toe ons kinders was, was die wêreld ons speelplek. Ons kon met ons fietse die wêreld platry, saans tot laat toktokkie speel, dit waag om saans in die sorg van 'n ouer boet of sus fliek toe te gaan. Ons het met ons fietse skool toe gery, smiddae rugby of tennis of biblioteek toe, naweke myle ver veld toe of tot aan die anderkant van die dorp met 'n vyfsent in die sak om te gaan swem. En niemand en niks het makeer nie. Maar daar was dissipline...

Ek sidder om daaraan te dink dat ek my 11-jarige met sy fiets skool toe moet stuur, dat hy die spitstydverkeer oor Beyers Naudé of Mbeki-rylaan moet aandurf, dat hy hoegenaamd sonder volwasse toesig in die openbaar beweeg, of dat hy maar sy fiets buite die kafee kan los as hy gestuur word om gou vir sy ma 'n brood te gaan koop.

Ek wonder hoeveel keer hy dit sal regkry om in die skemeruur met sy fiets in die straat voor sy ouerhuis te ry voordat hy nes sy maatjie om die hoek met 'n mes aangehou en van sy fiets beroof word of hoe lank dit gaan duur voordat iemand op hom en sy maters losbrand as hulle 'n onskuldige speletjie soos toktokkie speel wanneer die grootmense buite braai?

Ek sukkel om te antwoord as hy op pad skool toe vra hoekom die straatligte af is, as ons kruis en dwars oor die straat moet ry om die slaggate te mis, as ons Mbeki voetjie-vir-voetjie moet oorsteek omdat die verkeerslig vir die soveelste keer buite werking is... Ek sukkel om ons land te verstaan as als stukkend of sommer net weg is, ek sukkel om ons leiers te verstaan as hulle sê dat hierdie 'n beter plek vir almal is...

(Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13 Rustenburg).

Smash and grab thieves - no one helps...

The Editor

We visited your town recently to attend the Super 16 Athletics meeting at Olympia Park Stadium. We were on our way to the stadium on Monday, 1 March, at 15:15 one day prior to the meeting for a warm-up session.

The directions to the stadium were not clear and we followed the directions to the Olympia Park Stadium parking area, thinking it will be close to the stadium. We ended up in a road where the taxi rank seemed to be. We had to stop at a traffic light.

The next moment the passenger's front window was smashed by a "hit-and-run-thief" who grabbed my handbag containing several items of irreplaceable value. Items such as a small pocket knife given to me by my father when I was 7 years old. My father passed away when I was 8 years old. There was not a lot of money though, just things that he will most probably throw away as it will have no value to him. Oh yes, also my ID book, driver's licence and bank cards!

What shocked me even more was, when I jumped out of the car after unlocking it and as I was standing amongst spaza shops, no one tried to help me, not even one. Are there no good local people in that part of Rustenburg? My husband and children were still in the car and had a clear view of the thief who even looked mockingly over his shoulder, laughing at them. If the attitude of the local people is like this, then please, put up signs to warn visitors that it is a high risk area. If signs like these can be put up on the highway to warn people that it is a highjack area, then surely they can be put up in Rustenburg as well.

A police officer at the Rustenburg police station told me that more than 40 policemen were patrolling that area on a daily basis. Could this be true? We did not even see one, not before, during of after the incident. Small wonder Rustenburg's police station was listed as one of the worst in the country!

I am from Hazyview in Mpumalanga where I often visit the Spaza shops. The people there always walk to me and tell me to hold on to my bag or point out to me when it is not safe. I will always support them. If the locals show they care, then the customers will always return. This is not about colour, it is about attitude. I will never return to Rustenburg, never!

Gone Forever

Regering minag slagoffers van plaasaanvalle

Die redakteur:

Die minister van Polisie, mnr Nathi Mthethwa se opmerking by 'n konferensie van Agri SA, dat die polisie plaasmoorde as net gewone misdaad beskou, bevestig dat die regering minagtend is teenoor plaasmoorde. Die polisie is vinnig om sekere misdade, soos transito-rooftogte en die opblaas van kitsbanke, as prioriteitsmisdade te beskou en dan sterk teenoptredes te beplan. Hoekom word hierdie misdade dan nie net as gewone misdaad beskou nie? Die minister en die regering skram weg van plaasmoorde, juis omdat daar 'n sterk element van swart teenoor wit rassisme betrokke is. Die regering is absoluut traag en teensinnig om hierdie feitlike werklikheid te erken

Die wreedheid waarmee veral plaasmoorde gepleeg word, is skokkend. Boere word keelaf gesny, gemartel met kookwater, ensovoorts. Boere in Suid-Afrika is die groep waaronder die meeste moorde plaasvind, gemiddeld 313 uit elke 100 000, en dan eers wetstoepassers, soos lede van die polisie, waar die syfer 153 uit 100 000 is. Die komitee wat plaasmoorde in 2003 ondersoek het, het toe reeds bevind dat die kanse dat die slagoffer in æn plaasaanval beseer sal word, twee maal so groot as in transito-rooftogte is. Die kanse dat die slagoffer sal sterf is drie maal so groot as in transito-rooftogte. As die polisie transito-rooftogte as 'n prioriteit kan beskou, des te meer behoort plaasmoorde as prioriteit beskou te word.

Die kommandostelsel is uitgefasseer met die belofte dat daar nie 'n vakuum in beveiliging sou ontstaan nie. Sektorpolisiëring is ingestel, maar is 'n mislukking. Die polisie hou sedert 2007 ook skielik nie meer rekord van plaasmoorde en plaasaanvalle nie. 'n Verslag deur die Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening oor die ondersoek na die redes van wreedheid van geweldsmisdade is verlede jaar Augustus reeds voltooi, maar Mthethwa maak nie die verslag bekend nie. Dit is duidelik dat die regering die boere van Suid-Afrika gefaal het. Die polisie sit deesdae met feitlik geen wit polisiereserviste nie. Toe die kommandostelsel destyds afgeskaf is, is het die regering gemeld dat kommandolede sal inskakel by die polisiereservistestelsel, en feitlik sal funksioneer net soos voorheen. Intussen het die polisie hulself "skoongemaak" van blanke reserviste. Hulle het deur middel van rassisme en diskriminasie presies dieselfde met wit reserviste as met wit permanente polisielede gemaak. Hulle is geen ander keuse gelaat as om pad te gee nie. Duisende blanke polisiereserviste, van senior offisiere tot konstabels het in groot getalle bedank. Slegs 'n handjievol oud-kommandolede landswyd het iedergeval by die polisiereserviste aangesluit as gevolg van die blatante rassisme en diskriminasie teen blankes binne die SAPS.

Gewese polisiereservis

Gevaarlike kruising

Die redakteur:

Terwyl ek net na 17:00 op Donderdag verlede week in 'n westelike rigting in Leydsstraat gery het, "ontmoet" ek by die kruising met Boshoffstraat "per ongeluk" 'n motoris wat op dieselfde tyd noordwaarts gery het.

Die oorsaak vir hierdie botsing is 'n stopteken wat deur boomtakke versteek word. Ek het eenvoudig nie genoeg tyd gehad om te stop toe ek die teken die eerste keer gewaar nie. Gelukkig was daar nie ernstige beserings nie, maar gaan iemand eers op hierdie kruising moet sterf voordat iets gedoen word om die veiligheid te verbeter?

Die foto's wat ek geneem het, illustreer duidelik hoe 'n boom die stopteken, wat ek moes gehoorsaam, versteek. Let ook op die toestand van die geverfde padmerke, wat byna onsigbaar is.

Bekommerd

Pensioner needs help

The Editor:

Can anyone please help? I am a 76-year-old pensioner with arthritis.

I have two washing machines - one has packed up completely while the other is leaking badly. Can anyone please help with either assisting me to have one repaired, or do you have an old one you are not using anymore? Please phone me on 082 314 4641/084 359 9863.

God bless and thank you.

Pensioner.

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie. Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.